ONDERSTEPOORT
BIOLOGICAL PRODUCTS

For animal use only

# FOWL POX
## VACCINE

Reg. No. G 0117 (Act 36/1947) Namibia: NSR 0589

Freeze-dried, live egg-adapted fowl pox virus for the prophylactic immunisation of fowls and turkeys against fowl pox.

**Store vaccine in a refrigerator at a temperature of 4 °C to 8 °C. Do not use after the expiry date printed on the bottle.**

**RECOMMENDATIONS FOR USE**
Only healthy poultry should be vaccinated. It is generally the best to vaccinate fowls and turkeys at 3–12 weeks of age. Older birds should, however, also be vaccinated if there is a risk of contracting the natural disease. The use of pigeon pox vaccine is recommended four weeks before applying the fowl pox vaccine in cases where it is necessary to vaccinate birds younger than three weeks, or birds in lay, to prevent side effects of fowl pox vaccine.

**WARNINGS**
**Do not slaughter poultry for human consumption within 7 days of vaccination. Vaccinate healthy animals only. Keep out of reach of children, uninformed persons and animals. Although this product has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.**

**DIRECTIONS FOR USE**
**Use only as directed.**
Sterilise syringes and needles by boiling in water for at least 15 minutes. Do not use disinfectants or methylated spirits for sterilising either needles or syringes. Use a clean sterile needle after every 100 birds. Avoid exposure to high temperatures and direct sunlight during inoculation. By means of a sterile syringe transfer the sterile glycerine water to the bottle containing the freeze-dried vaccine and mix properly until the powder is dissolved.

**N.B.:** For 100 doses a small bottle with 1 ml glycerine water is supplied.

Remove the stopper from the bottle containing the reconstituted vaccine and dip a hypodermic needle (14 gauge 50 mm long) into the vaccine. Pierce the skin once to a depth of 3 mm on the outside of the thigh. **Always ensure that the point of the needle is immersed into the vaccine before each vaccination.**

**EFFECTS OF THE VACCINE**
Susceptible birds will develop a pock mark at the site of inoculation. The scab will drop off after a few weeks. A temporary drop in egg production can be expected if laying hens are vaccinated. The vaccine will not necessarily afford a complete immunity in all birds.

**PACKING**
Available in bottles of 100 doses.

**Registration holder:**
Onderstepoort Biological Products SOC Ltd, Co. Reg. No. 2000/022686/06
Private Bag X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Fax: +27 (0) 12 522 1591

P2053
Made in South Africa Edition 4

ONDERSTEPOORT
BIOLOGIESE PRODUKTE

Slegs vir dieregebruik

# HOENDERPOKKIES
## ENTSTOF

Reg. Nr. G 0117 (Wet 36/1947) Namibië: NSR 0589

Vriesgedroogde, lewende, eieraangepaste hoenderpokkies virus vir die voorbehoedende inenting van hoenders en kalkoene teen hoenderpokkies.

**Bewaar die entstof in 'n yskas by 'n temperatuur van 4 °C tot 8 °C. Moet nie die entstof na die vervaldatum wat op die bottel gedruk is gebruik nie.**

**AANBEVELINGS VIR GEBRUIK**
Slegs gesonde pluimvee moet ingeënt word. Oor die algemeen is dit die beste om hoenders en kalkoene op 'n ouderdom van 3–12 weke in te ent. Ouer pluimvee moet egter ook ingeënt word as daar gevaar bestaan dat hulle die siekte kan opdoen. Wanneer voëls jonger as drie weke en pluimvee in lê ingeënt moet word, word dit aanbeveel dat sulke pluimvee vier weke voordat met hoenderpokkies entstof ingeënt word, met duiwepokkies entstof ingeënt word. Dit sal die nadelige reaksies in sulke pluimvee voorkom.

**WAARSKUWINGS**
**Moet nie pluimvee binne 7 dae na inenting vir menslike verbruik slag nie. Slegs gesonde diere moet ingeënt word. Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere. Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.**

**GEBRUIKSAANWYSINGS**
**Gebruik slegs soos voorgeskryf.**
Steriliseer spuite en naalde deur dit vir ten minste 15 minute in water te kook. Moet nie ontsmettingsmiddels of brandspiritus gebruik om spuite en naalde te steriliseer nie. Gebruik 'n skoon steriele naald na elke 100 pluimvee. Vermy blootstelling aan hoë temperature en direkte sonlig gedurende inenting. Dra die steriele gliserien water met 'n steriele spuit oor na die vriesgedroogde entstof en meng deeglik totdat die poeier opgelos is.

**L.W.:** Vir 100 dosisse word 'n glasbotteltjie met 1 ml gliserien water voorsien.

Verwyder die prop van die bottel met die voorbereide entstof en doop 'n spuitnaald (14 maat 50 mm lank) in die entstof. Steek die naald dan eenmaal tot 'n diepte van 3 mm deur die vel aan die buitekant van die dybeen. **Sorg altyd dat die punt van die naald in die entstof gedoop word voor elke inenting.**

**UITWERKING VAN DIE ENTSTOF**
Vatbare hoenders sal 'n pokkie ontwikkel op die plek van inenting. Die rofie verdwyn na 'n paar weke. 'n Tydelike daling in eierproduksie kan verwag word indien lêhenne ingeënt word. Algehele beskerming kan nie in alle voëls gewaarborg word nie.

**VERPAKKING**
Beskikbaar in bottels van 100 dosisse.

**Registrasiehouer:**
Onderstepoort Biologiese Produkte MSB Bpk, Mpy. Reg. Nr. 2000/022686/06
Privaatsak X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Faks: +27 (0) 12 522 1591

P2053
Vervaardig in Suid-Afrika Weergawe 4